NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 24 NOVEMBER 2005 OM 10:00 TE NG KERK SOMERSTRAND

1. OPENING

1.1 Vergaderplek

1.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader by die NG Kerk Somerstrand te Port Elizabeth.

1.2 Opening

1.2.1 Die vergadering sing 'n lied ter belydenis van ons geloof in die drie-enige God op die melodie van Liedboek 100.

1.2.2 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, lees uit Matteus 1:18-25 en praat oor ons verbintenis aan Jesus Christus. Hy gaan voor in gebed.

1.3 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.3.1 Die vergadering verbind haarself opnuut tot die sinodale geloofsverbintenis onder leiding van die voorsitter deur die volgende hardop te sê:

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan `n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk - Verskoning
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies - Verskoning

2.2 Lede deur die Ringe benoem

2.2.1 Ds H Retief: Ring van Queenstown

2.2.1.1 Die vergadering keur die benoeming van ds H Retief as primariuslid vir die Ring van Queenstown op die Sinodale Kommissie goed (vergelyk ook pt 8.3 van hierdie notule).

2.2.2 Teenwoordigheidsregister

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	Ds WG Olivier	Oudl HJ du Plessis (Somerset-Oos)
Algoa	Oudl (me) EJ Langenhoven (Algoapark)	
Burgers-dorp	Ds AC van der Westhuizen (Aliwal-Noord) Oudl (me) CJ Nel (Aliwal-Noord)	
Cradock	Ds HM Strydom Oudl (me) AS Smit (Cradock-Noord)	
Dordrecht	Ds WA van Zyl Oudl L Theron (Barkly-Oos)	
Graaff-Reinet	Ds EH Ferreira Oudl JM Nel (Aberdeen)	
Humans-dorp	Ds MF Steyn Oudl JZ du Plessis (Jeffreysbaai)	
Oos-Londen	Oudl A Olivier (KWT)	Ds AP Coetzee
Port Elizabeth	Oudl (ds) PL Louw (Kensington)	
PE-Wes	Ds C Coetzee	

Queenstown	Ds H Retief Oudl F van Z Bakkes (Cathcart)	
Sondags-rivier	Ds AHG Lötter Diak SE Phillipson (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	Ds TJ van Schoor Oudl WH Lane (Uitenhage-Noord)	

2.3 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie

2.4 Op uitnodiging - Netwerkbestuurders

BNet - ds BIC Steyn
Barmhartigheid - dr A Oliphant - Verskoning
Familie - ds E Malan - Verskoning
Getuienis - ds JH van Niekerk
Jeug - ds WP Petzer
Liturgie - ds LR Swanepoel
Navorsing - prof PJ Naudé - Verskoning
Predikante - dr JD Prinsloo
Vrouelidmate - me L Steyn

2.5 Reiskostevorms

2.5.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. SITTINGSURE

3.1 Die volgende sittingsure word goedgekeur:

10:00 - 10:30 Tee
10:30 - 13:00 Vergadering
13:00 – 13:45 Ete
13:45 - tot met afsluiting van die vergadering.

4. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die volgende sake en bylae word tot die sakelys gevoeg:

- Bylaag U by pt 6.3.1
- Bylaag V by pt 6.3.2
- Bylaag S by pt 6.3.11
- Pt 8.2 Skrywe dr A Oliphant re Ringsprojek - Bylaag P
- Pt 8.3 Skrywe Ring van Queenstown re afgevaardigdes na SK - Bylaag Q
- Pt 8.4 Skrywe Ring van Queenstown re Buitengewone Sinode - Bylaag R
- Pt 9.2 Verslag Netwerk vir Navorsing - Bylaag T

5. NOTULES VIR KENNISNAME

5.1 SK - 2005-07-28 Bylaag A

5.1.1 Besluit: Kennis geneem.

5.2 SK-Dagbestuur - 2005-10-27 Bylaag B

5.2.1 Besluit: Kennis geneem

6. SAKE VOORSPRUITEND

6.1 SK-Dagbestuur – 2005-05-19

6.1.1 Oos-Kaapse Gesprek met Kerkrade re Kerkhereniging (pt 14.1.2.14)

6.1.1.1 Ds Barnard Steyn doen verslag oor die verloop van die gesprekke re kerkhereniging wat met elke kerkraad in die sinodale gebied gevoer word. ‘n Verslag oor die menings van die gemeentes sal gekompileer en aan die Algemene Sinode gestuur word.

6.1.1.2 Besluit: Die kompilasieverslag word deur die Teologiese Beplanningsessie van 19 Januarie 2006 goedgekeur (vergelyk pt 6.3.1.2) en daarna aan die Algemene Sinode gestuur en onder Oos-Kaapse gemeentes gesirkuleer.

6.2 SK 2005-07-28 Bylaag A

6.2.1 Terugvoer: Ad Hoc Kommissie: Sentrale Salarisstelsel (pt 6.2.2) Bylaag C

6.2.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag C (Ondersoek na ‘n sentrale salarisstelsel - dd 2005-11-02) en neem die volgende besluite:

***1 Pte 1.-5.2.3 - Kennis geneem**
***2 Pt 6.1 - Aanbeveling - Word gewysig om te lui: “Die Sinodale Kommissie gee aan die ad hoc kommissie opdrag om voort te gaan met die ondersoek na ‘n sentrale salarisstelsel” en in sy gewysigde vorm goedgekeur.**

6.2.2 Lux Verbi: Lisensie vir Liedboek (pt 6.4.1)

6.2.2.1 Die skriba deel die vergadering mee dat lisensiegelde betaalbaar is volgens erediens-bywoning. Om verwarring uit te skakel, word dit so aan gemeentes gekommunikeer.

6.2.3 Evaluering van Buitengewone Sinode deur Ontwerpspan (pt 11.1.2) Bylaag D

6.2.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag D (Verslag van die Ontwerpspan Buitengewone Sinode 2005 - ongedateerd).

6.2.3.2 Besluit: Met dank kennis geneem.

6.2.4 Ondersoek deur Netwerk vir Navorsing: Hulp aan kleiner plattelandse gemeentes (pt 11.6.3.1)

Die saak staan oor.

6.3 SK-Dagbestuur - 2005-10-27 Bylaag B

6.3.1 Uitkoop van Tyd (pt 5.1.1) Bylaag U

6.3.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag U (Verslag van die ad hoc kommissie oor sinodale werklading: Funksionering van die kerkkantoor en die uitkoop van leraars se tyd - dd 2005-11-24) en neem kennis van die inhoud.

6.3.1.2 Besluit: Die volgende aanbeveling word goedgekeur: "'n Teologiese beplanning-sessie word gereël vir 19 Januarie te Port Elizabeth vir die SK-Dagbestuur, ad hoc kommissie, ds Barnard Steyn en prof Piet Naudé."

6.3.2 Sinodale Werkswinkel (pt 5.1.4) Bylaag V

6.3.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag V (Sinodale Werkswinkel 2006 - ongedateerd) en neem in sy geheel daarvan kennis. Sodra beskikbaar, sal die skriba die program na leraars stuur.

6.3.3 Sondag vir Barmhartigheid (pt 5.2.1.3-4)

6.3.3.1 Vir kennis van gemeentes.

6.3.4 Bosberaad 2006 (pt 5.2.2.4)

6.3.4.1 Besluite:
1 Die Bosberaad vind van 18-20 April 2006 plaas.
2 Die inhoud van die Bosberaad word verwys na die Teologiese Beplanningsessie van 19 Januarie 2006.

6.3.5 R10-projek (pt 5.2.4)

6.3.5.1 Gemeentes het reeds kennis geneem van hierdie projek, hoewel dit nie so vinnig in die gemeentelike programme geïmplementeer kon word soos die SK beplan het nie.

6.3.5.2 Gemeentes word versoek om dit op hul jaarprogramme te plaas as 'n jaarlikse instelling.

6.3.6 Konvent vir Eenheid (pt 8.2)

6.3.6.1 Dr Chris van Wyk doen verslag oor die vordering met die proses van kerkhereniging:

*1 Gemeentes begin daadwerklik saamwerk op plaaslike vlak aan gemeenskaplike projekte. Dit is bemoedigend. Ringe word versoek om hierdie verhale deur te gee aan die SK met vermelding van die probleme en suksesse wat ervaar word.

*2. Die UK Konvent loods in 2006 'n inisiatief om in die lidkerke gesprekke op kruis-leraar, kruis-kerkraad en kruis-gemeente-vlak volgens 'n waarderende proses op dreef te kry.

*3. Die volgende UK-vergadering word in Februarie 2006 in Port Elizabeth gehou.

*4. Daar word vordering getoon in die kwaliteit van gesprek in die Uitvoerende Komitee en die vertroue tussen die deelnemende sinodes groei stadig maar seker.

6.3.7 KMS Opleiding Mobiliseerders (pt 10.1)

6.3.7.1 Ds Johan van Niekerk lig die vergadering in dat predikante toegerus word om die KMS-proses in gemeentes te begelei. Gemeentes word dus versoek om hul leraars vir 9 dae per jaar beskikbaar te stel - die opleiding vind in 3 sessies van 3 dae elk plaas. Vir 2006 is die datums van die fasiliteerdersopleiding 13-15 Februarie, 24-26 April, en 14-16 Augustus. Die opleiding vind by die Cradock Spa plaas, en daar is nog plek vir 3 leraars. Kontak ds Johan van Niekerk van Cradock-Noord gemeente.

6.3.8 Rekonsiliasie Sinode 2005 (pt 18.1)

6.3.8.1 Die DA rapporteer dat, hoewel die aantal afgevaardigdes by die buitengewone sinode minder was as waarvoor die begroting voorsiening gemaak het, die inkomstestaat klop. Slegs nog enkele gemeentes se betalings is uitstaande.

6.3.9 Bestuur Sinodale Fondse (pt 18.2) Bylaag E

6.3.9.1 Die vergadering bespreek Bylaag E (Besluite ten opsigte van die Bestuur van Sinodale Fondse – dd 4 Oktober 2005) wat reeds voor die SK-Dagbestuur gedien het en goedgekeur is.

6.3.9.2 Tydens die bespreking vra broer Franscois Bakkes of Bylaag E, hoewel gegrond op die besluite van die Buitengewone Sinode 2005, wel in ooreenstemming met Reglement 8.8 is?

6.3.9.3 Besluite:
***1 Die SK keur Bylaag E in sy geheel goed.**
***2 Die aktuarius kontroleer of die finansiële besluite van die Buitengewone Sinode 2005 in ooreenstemming met Reglement 8.8. is.**

6.3.10 Kommentaar op Buitengewone Sinode 2005

6.3.10.1 Ring van Oos-Londen (pt 19.1) Bylaag F

*1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Twee besluite van die Ring van Oos-Londen geneem tydens 'n buitengewone ringsitting - dd 2005-09-08).

*2 Vergelyk pt 6.3.10.4.2 vir die besluite wat hieroor geneem is.

6.3.10.2 Ds R van der Mescht (pt 19.2) Bylaag G

*1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Skrywe ds Riaan van der Mescht - dd 2005-08-02).

*2 Vergelyk pt 6.3.10.4.2 vir die besluite wat hieroor geneem is.

6.3.10.3 Ds I Visagie

* 1 Die vergadering neem kennis dat die voorsitter die skrywe van ds Innes Visagie na die Netwerk vir Navorsing verwys met die oog op besinning en die inneem van 'n standpunt.

6.3.10.4 Oudl L Theron (pt 19.3) Bylaag H Bylae R.1 en R.2

*1 Die vergadering bespreek Bylaag H (Terugvoering Buitengewone Sinode - dd 2005-08-30), asook Bylaag R.1 (Skrywe Ring van Queenstown re Buitengewone Sinode - dd 2005-11-03) en Bylaag R.2 (Skrywe ds H Retief re Kommer oor pas afgelope Buitengewone Sinodevergadering - dd 2005-09-09).

***2 Besluite:**
***2.1 Die SK neem kennis van die skrywes en die kommer wat uitgespreek is (Bylae F, G, H, R.1, R.2).**
***2.2 Kennis geneem dat die voorsitter reeds gesprek gevoer het met die Ring van Oos-Londen en broer R van der Mescht.**
***2.3 Die SK gee aan die moderatuur opdrag om, waar nodig, gesprek te voer met briefskrywers en dan die resultaat van die gesprek, indien nodig, skriftelik te bevestig.**
***2.4 Die SK gee opdrag dat die NN ondersoek doen na die teologiese begronding van die verskillende vergaderingstyle tot ons beskikking.**

6.3.10.5 Ringe Burgersdorp en Dordrecht (pt 19.4) Bylaag I

*1 Die vergadering bespreek Bylaag I (Terugvoer Ringe van Burgersdorp en Dordrecht - dd 2005-09-05) en neem die volgende besluite:

***2 Besluite:**
***2.1 Met dank kennis geneem van die ringe se inisiatiewe om die bediening en die koninkryk van God onder moeilike finansiële omstandighede te bevorder.**
***2.2 Verleen goedkeuring dat die Ringe met finansiële steun deur die sinode 'n ad hoc kommissie saamstel om bestaande bedieninge te evalueer, nuwe opsies te ondersoek en in werking te stel;**
***2.3 Verleen goedkeuring dat die ring hierdie werksaamheid as 'n ringsprojek vir 2006/7 registreer, en bewillig R20,000 (twintigduisend rand) vir hierdie doel. Hierdie bedrag word befonds uit die R300,000 wat op 28 Julie 2005 deur die SK bewillig is vir hulpverlening aan kleiner plattelandse gemeentes (vergelyk pt 11.6.3.4 van die SK-notule van 2005-07-28) op grond van Amendement 1 soos goedgekeur tydens die Buitengewone Sinode van Julie 2005.**
***2.4 Keur goed dat die navorsing wat die Netwerk vir Navorsing oor 'n nuwe bedieningsmodel vir kleiner plattelandse gemeentes onderneem (SK-notule 28 Julie 2005 pt 11.6.3.1), ook uit die goedgekeurde bedrag van R300,000 (SK-notule 28 Julie 2005, pt 11.6.3.4) befonds word.**

6.3.11 Seisoen van Luister (pt 19.8) Bylaag S

6.3.11.1 Die vergadering bespreek Bylaag S (Netwerk Seisoen van Luister - dd 2005-11-22).

6.3.11.2 Besluite:
***1 Ds Johan van Rooyen (Cradock) word as netwerkbestuurder vir die Seisoen vir Luister vir die eerste 6 maande van 2006 aangestel.**
***2 Met die oog op opleiding vir die fasilitering van die Seisoen van Luister word ds Jurie Pretorius as tweede spanlid, naas ds Van Rooyen, aangewys.**

6.3.12 Klag PW du Randt (pt 19.11) Bylaag J

6.3.12.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag J (Klagstaat PW du Randt - dd 2005-10-17). Die klag het ook by die SK-Dagbestuur van 27 Oktober 2005 gedien.

6.3.12.2 Die vergadering neem ook kennis dat die skriba broer PW Du Randt in kennis gestel het dat hierdie klag in terme van die Kerkorde by die kerkrade en/of ringe onder wie se toesig die onderskeie aangeklaagdes ressorteer, ingedien moet word.

6.3.13 Jaarbeplanning 2006

6.3.13.1 Die vergadering keur die volgende datums vir 2006 goed:

19 Januarie -	Teologiese Beplanningsessie
9 Februarie –	SK-Dagbestuur
6-9 Maart –	Sinodale Werkswinkel
18-20 April –	Bosberaad en volle Sinodale Kommissie
18 Mei –	SK-Dagbestuur
27 Julie –	SK-Dagbestuur
26 Oktober –	SK-Dagbestuur
23 Nov –	Volle Sinodale Kommissie

6.3.13.2 Kennis geneem dat toerusting met die oog op die Wet op die Beskikbaarheid van Inligting deur dr Johan Froneman van die kerkargief op 14 Februarie 2006 te PE-Moedergemeente aan kerkkantoorpersoneel gegee sal word.

6.3.13.3 Kennis geneem dat die volgende vergadering van die UK Konvent op 27 en 28 Februarie 2006 in Port Elizabeth plaasvind.

6.3.13.4 'n Leierskapseminaar onder leiding van dr Braam Hanekom vind van 18-20 September te Cradock plaas.

7. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

7.1 Ringsprojekte - Toekennings vir 2006/7 Bylae K en P

7.1.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag P (Meriete van die Projekvoorstel re Werkskepping, Ring van Oos-Londen - dd 2005-11-22) waarin dr A Oliphant die meriete van dié werkskeppings-projek bevestig. (Dr Oliphant voer hiermee die opdrag van die SK-Dagbestuur, 27 Oktober 2005, pt 18.6.3 uit.)

7.1.2 Die vergadering bespreek Bylaag K (Opsomming van Voorgenome Ringsprojekte - dd 2005-10-27) soos deur die SK-Dagbestuur na oorleg met die Netwerkbestuurders gefinaliseer.

7.1.3 Besluit: Die SK keur die toekennings vir ringsprojekte vir 2006/7 soos vervat in Bylaag K goed.

7.2 Sinodale Begroting 2006/7 Bylaag L

7.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag L (NG Kerk in Oos-Kaapland Begroting 2006/7 - ongedateerd).

7.2.2 Besluite:
7.2.2.1 Die begroting word in sy geheel goedgekeur.
7.2.2.2 Die volledige beleggingskedule van die sinode moet in die toekoms voor die SK dien wanneer oor die begroting besluit word.
7.2.2.3 Gemeentes word in kennis gestel dat hulle in die toekoms volledig vir die koste van streeksinodes sal moet instaan. Indien dit nie haalbaar is nie, behoort ringe via ringsprojek-aansoeke vir die koste van sodanige gemeentes voorsiening te maak.
7.2.2.4 Die SK sal intussen ook die moontlikheid ondersoek om weer voorsiening te maak vir finansiële ondersteuning aan gemeentes wat dit nie kan bekostig om afgevaardigdes na die sinode te stuur nie.
7.2.2.5 Kennis geneem dat die begroting nie voorsiening maak vir die Navorsingsnetwerk en GDN nie. Wat die Netwerk vir Navorsing betref, word 'n bedrag van R20,000 uit die R300,000 ondersteuning aan klein plattelandse gemeentes geoormerk vir navorsingskoste (sien ook pt 6.3.10.5.2.4 hierbo).
7.2.2.6 Toestemming word verleen dat die SK-Dagbestuur, na aanleiding van die ontplooiing van die teologiese visie, aanpassings in die begroting kan aanbring. Kennis hieroor word aan die SK gegee.

7.3 Traktementskaal 2006/2007 Bylaag M

7.3.1 Die DA lê Bylaag M (Vergoeding van Leraars en Toelae - dd 2005-11-10) aan die vergadering voor.

7.3.2 Besluit: Die SK keur Bylaag M in sy geheel goed as aanbeveling aan kerkrade.

7.4 Berekening van Gemeente-Dankoffers / Veranderlike Insette Bylaag N

7.4.1 Die DA lê Bylaag N (Sinodale Dankoffers, Berekening van Veranderlike Insette - dd 2005-1111) aan die vergadering voor.

7.4.2 Besluit: Die vergadering neem kennis van Bylaag N.

7.5 Sluiting van Sinodale Kantoor

7.5.1 Besluit: Die SK keur goed dat die Sinodale Kerkkantoor om 13:00 op 15 Desember 2005 sluit en weer om 08:00 op 9 Januarie 2006 open. Behalwe vir die amptelike vakansiedae en spesiale verlof tussen Kersfees en Nuwejaar, is die ander verlof vir die personeel se rekening.

8. KORRESPONDENSIE

8.1 Skrywe Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding BNet en NN Bylaag O

8.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Skrywe Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding BNet en NN - dd 2005-10-30).

8.1.2 Besluit: Die skrywe word verwys na die teologiese beplanningsessie van 19 Januarie 2006.

8.2 Skrywe dr A Oliphant Bylaag P

8.2.1 Die saak is afgehandel by pt 7.1.1.

8.3 Skrywe Ring van Queenstown re Personeel Bylaag Q

8.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag Q (Verteenwoordigers Ring van Queenstown op die Sinodale Kommissie - dd 2005-11-23).

8.3.2 Besluit: Die Ringsverteenwoordigers word goedgekeur.

8.4 Skrywe Ring van Queenstown re Buitengewone Sinode Bylae R.1 en R.2

8.4.1 Die saak is afgehandel by pt 6.3.10.4.2.

9. ANDER SAKE

9.1 Moderamen Algemene Sinode

9.1.1 Volgende Algemene Sinode

9.1.1.1 Die voorsitter rapporteer dat die volgende Algemene Sinode in die tweede kwartaal van 2007 sal plaasvind.

9.1.2 "Hard lines"

9.1.2.1 Die vergadering neem kennis van hierdie projek wat deur middel van TV-uitsendings

aandag gee aan die opbou van morele waardes.

9.1.3 Verteenwoordiger op Projekspan vir Kerkspieël 2006

9.1.3.1 Die DA word aangestel as Oos-Kaapse verteenwoordiger op die Projekspan vir Kerkspieël 2006.

9.2 Verslag: Netwerk vir Navorsing
Bylaag T

9.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag T (Verslag NN vir 2006 - ongedateerd) en neem met dank daarvan kennis in sy geheel.

12. VOLGENDE VERGADERINGS

19 Januarie 2006	Teologiese Beplanning-sessie
9 Februarie 2006	SK-Dagbestuur
18-20 April 2006	Bosberaad (Volle Sinodale Kommissie en Rings-kommissies)
18 Mei 2006	SK-Dagbestuur
27 Julie 2006	SK-Dagbestuur
26 Oktober 2006	SK-Dagbestuur
23 November 2006	Volle Sinodale Kommissie

13. AFSLUITING

Ds Etienne Ferreira sluit die vergadering met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van 9 Februarie 2006:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: